

**BELEID RAKENDE SEKSUELE- MISBRUIK/WANGEDRAG VANAF DIE TAAKSPAN
GENDERGEREGTIGHEID AAN DIE ALGEMENE SINODE 7-11 OKTOBER 2019**

Die Taakspan doen graag as volg verslag:

1. SEKSUELE MISBRUIK

BELEIDSDOKUMENT SEKSUELE- MISBRUIK/WANGEDRAG

1. INLEIDING

As kerk van die Here Jesus Christus is dit belangrik dat almal moet weet dat hulle in die gemeente van die Here Jesus Christus veilig is. In die tyd waarin ons leef is dit so dat vrouens in die kerklike omgewing baie maklik onveilig sou kon wees. Dit behoort vir die kerk van die Here Jesus 'n ereplig te wees om alle mense se veiligheid te waarborg en te beskerm. Daarom veroordeel die kerk elke vorm van magsmisbruik in die kerk en in die besonder elke vorm van seksuele misbruik.

Alle lidmate, werknemers en ampsdraers van die NG Kerk moet te alle tye deur hulle optrede uitdrukking gee aan die integriteit van die kerk van die Here Jesus. Persone wat seksuele wangedrag pleeg, maak hulle skuldig aan oortreding van die beginsels van die Bybel as die Woord van God, die Belydenisskrifte en die *Kerkorde*. Onder geen omstandighede is dit vir 'n lidmaat, werknemer of ampsdraer aanvaarbaar om enige vorm van seksuele wangedrag te pleeg nie.

2. ALGEMEEN

2.1 Begripsomskrywing

2.1.1 Seksuele misbruik/wangedrag is 'n omvattende term wat in hierdie beleidsdokument gebruik word en sluit die volgende in:

2.1.1.1 Seksuele misbruik van kinders sluit in, maar is nie beperk tot, enige kontak of interaksie tussen 'n kind en 'n volwassene wanneer die kind gebruik word vir die seksuele stimulasie van die volwassene of 'n derde persoon. Hierdie gedrag kan fisiese kontak insluit, maar hoef nie. Seksuele kontak met 'n kind word altyd beskou as geforseer, ongeag of die kind daartoe instemming verleen of nie. In die NG Kerk is seksuele misbruik van toepassing op enige iemand jonger as 18.

2.1.1.2 Seksuele misbruik in die geval van volwassenes word verstaan as enige seksuele optrede waarin 'n persoon bo die ouderdom van 18 nie die verstandelike vermoë het om in te stem tot seksuele kontak nie. Dit sluit ook in enige seksuele kontak of optrede wat gepaard gaan met mag, dreigemente, manipulering, intimidasie, of die misbruik van vertrouensposisie, amp of status.

2.1.1.3 Seksuele teistering word gesien as die onwelkome seksuele toenadering, versoeke vir seksuele gunste en enige ander verbale of fisiese optrede van 'n seksuele aard wanneer sulke optrede en die toegee daaraan of verwerping daarvan,

- voorwaarde, uitdruklik of geïmpliseer, is tot iemand se indiensneming, of voortgesette in diens wees;
- gebruik word in enige besluitneming met betrekking tot die individu se werknemer status;
- die doel het om in te meng of 'n invloed te hê op die individu se werksprestasie deur 'n omgewing van intimidasie of vyandigheid te skep;

- wanneer 'n persoon onderwerp word aan onwelkome en/of ontoepaslike seksuele grappe, onwelkome en/of ontoepaslike aanraking, of blootgestel word aan visuele seksuele materiaal, vernedering en/of seksuele uitbuiting.

2.1.1.4 Verkragting is alle vorme van seksuele penetrasie sonder toestemming, ongeag geslag, soos bepaal deur die wette van die onderskeie lande.ⁱ

2.1.1.5 Aanstootlike seksuele gedrag is suggestiewe taal of gedrag, onaanvaarbare oogkontak, onwelkome aanraking of streling wat fisiese of emosionele welwese van die persoon sou bedreig.

2.1.1.6 Seksuele wangedrag word verstaan as optrede wat daartoe aanleiding gee dat die vertrouensverhouding tussen 'n persoon in 'n bedieningshoedanigheid en 'n ander persoon deur seksuele optrede uitgebuit word.ⁱⁱ

2.1.1.7 Misbruik van tegnologie is die gebruik van tegnologie om iemand seksueel te teister of te misbruik. Hierdie misbruik sluit selfoon boodskappe en e-posse in met suggestiewe boodskappe en ander materiaal aan iemand met wie die persoon in 'n professionele verhouding staan, bv. 'n predikant wat so 'n boodskap stuur aan 'n lidmaat of werknemer. Pornografiese materiaal op kerkgronde is onder geen omstandighede aanvaarbaar nie. Niemand wat gebruik maak van tegnologie op kerkgronde of 'n kerk entiteit wat die eiendom van die kerk of kerk entiteit is, of wat die tegnologie binne die konteks van kerklike werksaamhede gebruik, kan aanspraak maak op privaatheid nie. Wanneer 'n persoon onder 18 blootgestel word aan pornografie is dit molestering van 'n minderjarige.

2.1.2 'n Werknemer is 'n man of 'n vrou wat deur 'n gemeente en/of kerkverband binne 'n diensverhouding staan.

2.1.3. 'n Lidmaat is 'n ongedoopte, gedoopte of belydende lidmaat van die NG Kerk wat volgens die registers van die kerk een van bogenoemde lidmate is, of 'n persoon wat oor 'n geruime tyd by die gemeente betrokke is of was en daardeur gewys het dat hy/sy deel van 'n betrokke gemeente is.

2.1.4. 'n Klaer is 'n enige persoon, lidmaat of nie-lidmaat, wat met 'n lidmaat in enige hoedanigheid seksuele kontak gehad het. In die geval van 'n minderjarige kan so 'n persoon se wettige voog of ouer as klaer optree.

2.1.5. 'n Aangeklaagde is enige lidmaat van 'n gemeente van die NG Kerk wat van seksuele misbruik beskuldig word.

2.1.6. 'n Tugliggaam is 'n liggaam wat deur een van die kerkvergaderinge of so 'n vergadering se gevolmagtigde liggaam aangewys is om 'n klag van seksuele teistering of misbruik teen 'n lidmaat of funksionaris/ampsdraer te ondersoek.

2.1.7. 'n Appèlliggaam is 'n liggaam wat deur een van die kerkvergaderinge, of so 'n vergadering se gevolmagtigde liggaam, in samewerking met die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik aangewys is om sake van seksuele misbruik te ondersoek wanneer 'n klaer of aangeklaagde appèl aanteken teen die besluit, bevinding en/of sanksie van 'n tugliggaam.

2.1.8 'n Klag is 'n skriftelike klag wat deur 'n klaer ingedien word waarin 'n bewering van seksuele misbruik teen 'n lidmaat, funksionaris/ampsdraer van die NG Kerk gemaak word.

2.1.9 Die Aanmeldingsliggaam (seksuele misbruik) is 'n sentrale punt waarop deskundige medewerkers met betrekking tot seksuele misbruik en prosedure vir die lê van 'n klag dien, wat inligting en advies oor sake van seksuele misbruik kan gee. Die aanmeldingsliggaam kan wanneer nodig 'n klag na 'n tugliggaam verwys. Die aanmeldingsliggaam kan 'n vertrouenspersoon/-persone aanwys om die klaer te begelei tydens en na die hantering van die klag deur die tugliggaam en indien nodig, van die appèlliggaam.

2.1.10 'n Vertrauenspersoon is iemand wat op versoek van die klaer en/of aangeklaagde sy/haar belange behartig en kan as die klaer/aangeklaagde se verteenwoordiger of gevolmagtigde optree. Die vertrouenspersoon/-persone kan 'n medewerker van die aanmeldingsliggaam wees.

2.1.11 'n Kerkvergadering is 'n vergadering aan wie die ondersoekliggaam en die beroepsliggaam die bevindinge met betrekking tot 'n klag wat gelê is, bekend maak. In die geval van 'n gemeente is dit die kerkraad of die gemeente se Diensverhoudingekommissie; in die geval van 'n ring is dit die ring of die ringskommissie as gevolmagtigde van die ring; in die geval van die sinode is dit die sinodale taakspan regte, in die geval van Algemene Sinode is dit die Algemene Taakspan Regte.

2.1.12 'n Gevolmagtigde tugliggaam is 'n tugliggaam wat deur een van die kerkvergaderinge van die NG Kerk aangewys is om 'n bewering teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer onder wie se opsig en tug (Artikel 61) die persoon val, te ondersoek en af te handel.

3. DOEL

Die doel van die beleidsdokument is om veilige prosedure te omskryf waar klagtes van seksuele misbruik/wangedrag ingedien kan word en die belange van die klaer en die aangeklaagde beskerm word terwyl 'n klag ondersoek en afgehandel word.

4. BEGINSELS

4.1 Beskerming van persone betrokke. Wanneer 'n saak van seksuele misbruik/wangedrag aangemeld word, is dit deurlopend die verantwoordelikheid van alle rolspelers en persone wat met die saak in aanraking kom om mense betrokke te beskerm en meer as in enige ander geval moet die privaatheid van die persone beskerm word en alle inligting as hoogs vertroulik beskou word.

4.2 Handhawing van menswaardigheid. Alle rolspelers sal deurlopend verseker dat alle mense betrokke se menswaardigheid beskerm word. Hierby ingesluit is die klaer, die persoon of persone wat van seksuele misbruik/wangedrag beskuldig word asook die families en gemeenskappe van elkeen van die persone.

4.3 Die NG Kerk is verantwoordelik vir die opsig en tug (Artikel 62) oor haar werknemers, lidmate en ampsdraers (insluitende predikante as ampsdraers). Hierdie opsig en tug gee aan die verskillende kerkvergaderinge (Artikel 18) of hulle gevolmagtigdes, die verantwoordelikheid om enige klagte van optrede wat indruis teen die Woord van God, die Belydenis van die Kerk (Artikel 61.1), die *Kerkorde*, of optrede wat openbare aanstoot gee (Artikel 61.2), of optrede deur werknemers wat as wangedrag in terme van die diensverhoudinge (Artikel 61.3) op 'n verantwoordelike wyse te hanteer. Bewerings van seksuele misbruik/wangedrag word altyd beskou as bewerings van optrede wat strydig is met die Woord van God, die Belydenis van die Kerk, die *Kerkorde*, optrede wat openbare aanstoot gee en ook in terme van die diensverhoudinge van die NG Kerk as wangedrag beskou word.

4.4 Nie (meer) werknemers of lidmate is persone wat nie (meer) lidmate of werknemers van die NG Kerk is nie, maar van seksuele misbruik/wangedrag beskuldig word in die tyd toe so 'n persoon lidmaat en/of werknemer van die NG Kerk was. Die bewering/klagte moet aangehoor word, al is dit net om te verseker dat so 'n gebeurte nie herhaal word nie. Indien die betrokke persoon 'n gelegitimeerde was, word die uitkoms van so 'n ondersoek aan die Algemene Taakspan Predikantesake gestuur met die oog op liasering vir toekomstige verwysing indien die persoon aansoek sou doen om weer predikant in die NG Kerk te wees.

5. SAMESTELLING EN ROL VAN DIE AANMELDINGSLIGGAAM VIR SEKSUELE MISBRUIK

5.1. Elke kerkvergadering van die NG Kerk wys ten minste drie *kundige* persone aan, met bewese pastorale vaardighede en kennis van hantering van seksuele misbruik.

5.1.1. In die samestelling van hierdie aanmeldingsliggaam word daar altyd probeer om 'n gelyke verteenwoordiging van mans en vroue te hê. Indien dit 'n ongelyke getal is, is daar meer vroue as mans op die aanmeldingsliggaam.

5.1.2. By kerkrade word die persone jaarliks bevestig en aan die gemeente bekend gemaak.

5.1.3. By meerdere vergaderings word die aanmeldingsliggaam heel aan die begin van die vergadering bekend gemaak.

5.2. Die aanmeldingsliggaam dien as die eerste aanmeldingspunt vir seksuele misbruik.

5.2.1. Die aanmeldingsliggaam se doel is om regverdigheid en geregtigheid te laat geskied.

5.2.2. Die aanmeldingsliggaam versorg alle betrokkenes pastoraal.

5.2.3. Die aanmeldingsliggaam beskou die aangeklaagde as onskuldig totdat die klag voldoende begrond is.

5.2.4. Die aanmeldingsliggaam hanteer alle klagtes vertroulik.

5.3. Die aanmeldingsliggaam probeer onderskei:

5.3.1. wat die intensie van die aangeklaagde was;

5.3.2. of die aangeklaagde bewus was van die onvanpastheid van die gedrag;

5.3.3. of die aangeklaagde bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar vir die gedrag en konsekwensies.

5.4. Die aanmeldingsliggaam versorg die klaer:

5.4.1. met sensitiwiteit.

5.4.2. Berading word voorsien indien nodig.

5.4.3. Die persoon word beskerm.

5.5. Die aanmeldingsliggaam versorg die aangeklaagde:

5.5.1. *Bewusmaking*: waar die aanmeldingsliggaam oordeel dat die gedrag nie noodwendig teistering was nie, maar van swak oordeel getuig, word duidelike riglyne gegee. Berading kan aanbeveel word.

5.5.2. *Waarskuwing*: waar die gedrag onvanpas en onwys was, maar nie duidelik seksuele teistering nie, word 'n duidelike waarskuwing gegee en beklemtoon dat sulke gedrag onmiddellik gestaak moet word.

5.5.3. Waar seksuele teistering voorkom en daar ernstige gevolge is, word die saak oorgegee aan die *tugliggaam*.

5.5.3.1. Wanneer die klag met 'n minderjarige verband hou, is dit aanmeldbaar en word dit onmiddellik oorgegee aan die polisie.

6. SAMESTELLING VAN DIE TUGLIGGAAM

6.1 'n Tugliggaam wat 'n klag van seksuele misbruik teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer van die NG Kerk ondersoek, tree as gevolmagtigde tugliggaam (Sien 2.1.12) van 'n kerkvergadering op.

6.2 Wanneer die aanmeldingsliggaam van 'n kerkvergadering bewus raak van 'n bewering van seksuele misbruik of wangedrag deur of teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer van die NG Kerk word so 'n klag na die volgende vergaderings verwys:

6.2.1 in die geval van 'n werknemer van 'n gemeente wat nie 'n lidmaat van die NG Kerk is nie, na die Diensverhoudingekommissie van die kerkraad wat in so 'n geval as gevolmagtigde van die kerkraad optree;

6.2.2 in die geval van 'n werknemer van die gemeente wat ook 'n lidmaat van die gemeente is, of 'n lidmaat van die gemeente, na die kerkraad wat in samewerking met die Diensverhoudingekommissie 'n tugliggaam aanwys;

6.2.3 in die geval van 'n werknemer of predikant in diens van die kerkverband of ampsdraer (diaken, ouderling, predikant) van 'n gemeente, na die ring onder wie se opsig die werknemer of ampsdraer staan. Die meerdere vergadering wys in samewerking met die Sinodale Taakspan Regte en die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik, 'n tugliggaam aan.

6.3 Die betrokke aanmeldingsliggaam vir seksuele misbruik versoek die betrokke kerkvergadering onder wie se opsig en tug die werknemer of ampsdraer staan om 'n tugliggaam saam te stel om die klag van seksuele misbruik/wangedrag te ondersoek.

6.4 Die tugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede. Die vyf persone moet ten minste een van elk van die volgende insluit:

6.4.1 'n Verteenwoordiger aangewys deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde as kerkregkundige;

6.4.2 'n regs kundige;

6.4.3 'n pastorale persoon;

6.4.4 een persoon aangewys deur die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik.

6.4.5 ten minste een verteenwoordiger van die kerkvergadering onder wie se opsig en tug die werknemer of amptenaar staan.

6.5 Die betrokke kerkvergadering kan ook in oorleg met die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik die regs kundige en/of 'n pastorale persoon aanwys.

6.6. In die samestelling van die tugliggaam word daar altyd probeer om 'n gelyke verteenwoordiging van mans en vroue te hê. Indien dit 'n ongelyke getal is, is daar meer vroue as mans op die tugliggaam.

6.7 Die Algemene Sinode, of die Algemene Sinode Moderamen, wys 'n Algemene Taakspan Seksuele Misbruik vir 'n tydperk van vier jaar aan. In die geval van 'n vakature wys die Algemene Sinode Moderamen 'n plaasvervanger aan vir die oorblywende tyd.

7. AANBRING VAN KLAG VAN SEKSUELE MISBRUIK

7.1 'n Klag van seksuele misbruik kan by die aanmeldingsliggaam seksuele misbruik of by die kerkvergadering onder wie se opsig en tug die aangeklaagde werknemer, lidmaat of ampsdraer staan of direk by die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik aanhangig gemaak word;

7.2 'n Klag van seksuele misbruik kan op een van drie maniere onder die aandag van 'n aanmeldingsliggaam seksuele misbruik, kerkvergadering of die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik gebring word:

7.2.1 deur 'n nadelige gerug;

7.2.2 deur 'n skriftelike klag; of

7.2.3 deur 'n skriftelike verslag aan die kerkvergadering wat voortvloei uit amptelike werksaamhede van die gevolmagtigde van die kerkvergadering wat die diensverhouding van 'n kerkvergadering hanteer.

7.3 Wanneer 'n klag of bewering van seksuele misbruik onder die aandag van 'n aanmeldingsliggaam vir seksuele misbruik of kerkvergadering kom, stel die aanmeldingsliggaam of kerkvergadering die Algemene Taakspan vir Seksuele Misbruik in kennis van die klag of bewering.

8. AANVANKLIKE HANTERING VAN DIE KLAG, GERUG OF VERSLAG

8.1 Die lede van 'n aanmeldingsliggaam seksuele misbruik of kerkvergadering en/of tugliggaam en/of die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik onder wie se aandag 'n gerug, klag of verslag met betrekking tot seksuele misbruik kom, asook enige ander persoon/persone wat oor die klag

geraadpleeg word, is verplig om die inligting wat op hierdie wyse bekend raak met die hoogste vertroulikheid te hanteer.

8.2 Binne sewe dae na die ontvangs van 'n gerug, klag, bewering of verslag en sonder dat enige besonderhede soos name, tye, plekke, omstandighede, klagtes bekend gemaak word,

8.2.1 word die kerkvergadering onder wie se opsig en tug die aangeklaagde staan, gesuiwer van die persone oor wie die gerug, klag, bewering of verslag gaan asook die persoon/persone wat die klag indien of die bewering maak;

8.2.2 word die gesuiwerde kerkvergadering in kennis gestel dat 'n gerug, klag, bewering of verslag met betrekking tot seksuele misbruik ontvang is, en dat die gerug, klag, bewering of verslag ondersoek behoort te word;

8.2.3 die gesuiwerde kerkvergadering wys die volgende persone aan:

8.2.3.1 die een persoon wat in terme van paragraaf 6.4.5 op die tugliggaam moet dien;

8.2.3.2 ander persone wat deur die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik oorweeg kan word om op die tugliggaam te dien (Sien paragraaf 6.5);

8.3 Indien 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer oor wie 'n nadelige gerug, klag, bewering of verslag van seksuele misbruik bekend geword het, bedank voordat die ondersoek begin of afgehandel is, gaan die ondersoek na die klag voort, word die nodige besluite geneem en word die klaer, aangeklaagde, die kerkvergadering, die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik en in die geval van 'n gelegitimeerde, die Algemene Taakspan Predikantesake skriftelik in kennis gestel van die uitkoms van die ondersoek.

8.4 Die beskikbare besonderhede van die saak word aan die persoon in 8.2.3.1 oorhandig wat dit aan die tugliggaam oorhandig.

9. ONTVANKLIKHEID VAN DIE KLAG

9.1 die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik word so gou moontlik (verkieklik binne 14 dae) nadat die gerug, klag, bewering of verslag bekend geword het, skriftelik in kennis gestel van die gerug, klag, bewering of verslag.

9.2 die kennisgewing bevat die volgende:

9.2.1 die naam van die klaer;

9.2.2 die naam van die aangeklaagde/geïmpliseerde;

9.2.3 'n beskrywing van die gebeure wat aanleiding gegee het tot die klag of bewering van seksuele misbruik/wangedrag;

9.2.4 die datum, tyd/tydperk en plek van die gebeure;

9.2.5 enige stawende dokumentasie en/of bewyse wat die gebeure ondersteun;

9.2.6 indien die aanvanklike klag nie al die besonderhede bevat nie, kan die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik 'n regs kundige en/of 'n kerkregkundige aanwys om die klaer behulpsaam te wees met die formulering en samestelling van die klag.

9.3 Indien die tugliggaam dit nodig ag, kan enige ampsdraer in die amp gestuit word. Die aangeklaagde moet skriftelik in kennis gestel word van die beoogde stuiting. Hierdie kennisgewing bevat 'n kort en saaklike uiteensetting van die klag wat ontvang is en die persoon het 7 dae om skriftelik redes te gee waarom die stuiting nie moet voortgaan nie. In die geval van stuiting moet die ondersoekliggaam in terme van Reglement 18.7, *Kerkorde* van die NG Kerk, 2015, optree.

10. TERUGTREKING VAN DIE KLAG

10.1 'n Gerug, klag, bewering of verslag met betrekking tot seksuele misbruik word na ontvangs by die betrokke kerkvergadering of die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam en kan nie sonder toestemming van die betrokke vergadering of gevolmagtigde tugliggaam teruggetrek word nie;

10.2 Indien die klaer op enige stadium 'n aanduiding gee dat die klag eerder nie verder ondersoek moet word nie, wys die tugliggaam iemand (verkieklik 'n pastorale persoon) aan om met die klaer gesprek te voer oor die rede vir die terugtrekking van die klag;

10.3 indien die aangewese persoon (sien 10.2) onder die indruk kom dat die klag nie waar was nie, word

10.3.1 die aangeklaagde onskuldig bevind;

10.3.2 die betrokke partye binne 3 dae van die bevinding ingelig;

10.3.3 die tugliggaam besluit oor die verdere hantering van die saak.

10.4 Indien die aangewese persoon (Sien 10.2) onder die indruk kom dat die klaer geïntimideer word of daar 'n poging is of was om die klaer te beïnvloed om die klag terug te trek, word 'n skriftelike waarskuwing binne drie dae aan die aangeklaagde en/of die persoon wat die klaer intimideer of beïnvloed gestuur waarin hy/sy versoek word om geen verdere kontak met die klaer te hê sonder die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger van die gevolmagtigde tugliggaam nie;

10.4.1 die aangeklaagde word ook in kennis gestel dat indien daar nie aan die skriftelike waarskuwing gehoor gegee word nie, die aangeklaagde hom/haar skuldig maak aan ergerlike wangedrag wat in die geval van 'n ampsdraer tot stuiting (Sien Reglement 18.7) met of sonder vergoeding gepaard kan gaan.

11. PROSEDURE BY DIE HANTERING VAN DIE AANKLAG

11.1 Die tugliggaam bevestig binne 7 dae nadat die tugliggaam die eerste keer gekonstitueer het, die ontvangs van 'n gerug, klag, bewering of verslag, aan die klaer dat die klag ontvang is en stel die klaer in kennis van die prosedure wat gevolg gaan word.

11.2 Die tugliggaam stel eerstens vas of die klag wat gelê is ontvanklik is in die sin dat die klag na 'n ondersoek na seksuele misbruik kan lei.

11.3 Indien die tugliggaam oordeel dat die klag nie ontvanklik is nie, word die klaer skriftelik van die bevinding en die motivering vir die bevinding in kennis gestel.

11.3.1 Indien die klaer nie tevrede is met die beslissing van die tugliggaam om nie die saak te ondersoek nie, kan die klaer binne 14 dae nadat hy/sy van die bevinding in kennis gestel is, 'n beroep doen op die Appèlliggaam vir Seksuele Misbruik om te oorweeg om wel die klag te ondersoek.

11.4 Indien die klag ontvanklik is in die sin dat die klag na 'n ondersoek oor seksuele misbruik kan lei,

11.4.1 word **die klaer** binne 14 dae in kennis gestel dat die klag ondersoek gaan word. Die kennisgewing aan die klaer sluit die volgende in:

11.4.1.1 die verdere prosedure met betrekking tot die hantering van die klag;

11.4.1.2 die moontlikheid dat die tugliggaam 'n vertrouenspersoon (Sien paragraaf 2.1.10) kan aanwys met die oog op bystand.

11.4.2. word **die aangeklaagde** binne 14 dae skriftelik in kennis gestel dat 'n klag van seksuele misbruik teen hom/haar ontvang is. Die kennisgewing aan die aangeklaagde sluit die volgende in:

11.4.2.1 alle inligting waarna in paragraaf 9.2 verwys word in.

11.4.2.2 werkswyse van die tugliggaam by die hantering van die klag.

11.4.2.3 die moontlikheid dat die tugliggaam 'n vertrouenspersoon (Sien paragraaf 2.1.10) kan aanwys met die oog op bystand.

11.4.3 word **die kerkvergadering** onder wie se opsig en tug die funksionaris/ampsdraer val, binne 7 dae nadat besluit is om die klag te ondersoek vertroulik in kennis gestel dat 'n klag van seksuele misbruik teen die betrokke lidmaat, werknemer of ampsdraer ontvang is en ondersoek gaan word.

12. BEOORDELING VAN DIE KLAG

12.1 Die tugliggaam beoordeel die klag op die basis van bo alle redelike twyfel. Indien die tugliggaam bo redelike twyfel bevind dat die seksuele misbruik wel plaasgevind het, word die klag as gegrond aanvaar.

12.2 Die beoordeling van die klag vind plaas op grond van die volgende:

12.2.1 die konsekwentheid in die verskillende verklarings wat afgelê is;

12.2.2 die mondelinge getuienis/verklarings wat afgelê is deur die klaer, aangeklaagde en/of ander getuies;

12.2.3 die verklarings van deskundige getuies, indien enige;

12.2.4 enige ander stukke wat handel oor die klag, indien beskikbaar.

13. DIE VERHOOR

13.1 Die tugliggaam bepaal binne 21 dae na die ontvangs van die klag die datum en die plek waar die klaer en die aangeklaagde deur die ondersoekliggaam aangehoor sal word.

13.2 Die verhoor vind binne 6 weke nadat die klag ontvang is plaas.

13.3 Die klaer en die aangeklaagde moet ten minste 7 dae voor die verhoor skriftelik in kennis gestel word van die datum, tyd en plek van die verhoor.

13.4 Die klaer en die aangeklaagde kan beswaar maak teen enige lid van die ondersoekliggaam.

13.4.1 So 'n beswaar moet skriftelik binne 3 dae nadat die kennisgewing van die verhoor ontvang is, by die skriba van die tugliggaam ingedien word. Die beswaar gaan met opgaaf van redes gepaard. Die tugliggaam neem die beswaar en motivering in behandeling en besluit in afwesigheid van die betrokke lid van die tugliggaam oor die geldigheid van die beswaar.

13.4.2 Indien die tugliggaam nie 'n besluit oor die beswaar kan neem nie, word die beswaar na die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik verwys om 'n beslissing te maak. Daar kan geen beswaar teen die besluit van die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik gebring word nie.

13.4.3 Die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik maak hulle bevinding skriftelik bekend en stel die klaer, die aangeklaagde en die tugliggaam skriftelik van hulle bevinding in kennis.

13.4.4 Nadat die verhoor begin het, kan daar nie meer beswaar teen die samestelling van die tugliggaam gemaak word nie.

13.4.5 Indien die beswaar teen 'n lid van die tugliggaam gehandhaaf word, word die lid deur die Algemene Taakspan Seksuele Misbruik vervang en word 'n volgende datum, tyd en plek vir die verhoor gereël.

13.5 Die klaer en die aangeklaagde kan tot 3 dae voor die verhoor plaasvind verdere stukke indien om deur die tugliggaam oorweeg te word. Sulke stukke word deur die tugliggaam aan die klaer/aangeklaagde ook gestuur.

13.6 Die vergadering van die tugliggaam is 'n geslote vergadering. Die gebeure by so 'n verhoor is hoogs vertroulik en kan slegs met die instemming van die betrokke partye (klaer, aangeklaagde en tugliggaam) bekend gemaak word.

13.7 Die klaer en die aangeklaagde word afsonderlik aangehoor. Hulle kry die geleentheid om aan mekaar skriftelike vrae te vra via die tugliggaam.

13.8 Die lede van die tugliggaam kan te enige tyd tydens die sitting aan enige van die partye billike vrae vra.

13.9 Die klaer en die aangeklaagde kan getuies roep en die klaer, aangeklaagde en die tugliggaam kan aan die getuie enige vrae te verheldering vra.

13.10 Die tugliggaam maak 'n gemotiveerde bevinding. Die bevinding en motivering word aan die klaer en die aangeklaagde gestuur.

13.11 Die klaer en die aangeklaagde kry 7 dae geleentheid om op die bevinding en die motivering van die ondersoekliggaam te reageer.

13.12 Alle dokumentasie, opnames, notules is ter insae van die klaer en die aangeklaagde.

14. BEOORDELING VAN DIE KLAG EN VERDERE AFHANDELING

14.1 Die tugliggaam kom so gou moontlik, maar nie later as 14 dae na die ondersoek afgehandel is nie, tot 'n bevinding.

14.2 Indien daar bevind word dat daar geen gronde vir die klag was nie, word die klaer, aangeklaagde en die kerkvergadering (indien enige) wat die klag by die aanmeldingsliggaam (seksuele misbruik) ingedien het, van die bevinding in kennis gestel.

14.3 By die oorweging van tughandeling, wanneer die klag as gegrond bevind word, handel die ondersoekliggaam in terme van Artikel 64 van die *Kerkorde*.

14.3.1 Wanneer 'n werknemer of ampsdraer aan seksuele misbruik skuldig bevind word, is bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering (Artikel 64.5.1) slegs met die hoogste uitsondering 'n moontlikheid vir oorweging;

14.3.2 Indien 'n predikant skuldig bevind word aan seksuele misbruik/wangedrag kan die predikant slegs met die hoogste uitsondering in dieselfde werkring voortgaan en behoort die tugliggaam slegs met baie goeie redes en ernstige getuienis ter versagting, nie ten minste die persoon se legitimasië vir 'n vasgestelde tyd opskort (Artikel 64.5.4.3) nie.

14.3 Die klaer, die aangeklaagde en die kerkvergadering onder wie se opsig en tug die werknemer, lidmaat of ampsdraer val, word skriftelik in kennis gestel van die bevinding van die ondersoekliggaam en die maatreëls waarop besluit is.

14.4 Indien die persoon wat skuldig bevind is 'n gelegitimeerde is, word die Algemene Taakspan Predikantesake onverwyld in kennis gestel van die bevinding, motivering en maatreëls waarop besluit is. 'n Afskrif van die notules word ook aan die Algemene Taakspan Predikantesake gestuur vir liassering op die persoon se persoonlike lêer.

15. DIE REG OP APPÈL

15.1 Die klaer en die aangeklaagde kan binne 21 dae nadat hulle skriftelik in kennis gestel is van die bevinding van die tugliggaam by die meerdere vergadering of sy gevolmagtigde appèl aanteken indien hulle nie tevrede is met die bevinding van die tugliggaam nie.

15.2 Die appèlliggaam (Sien paragraaf 2.1.7) handel volgens Reglement 19.7 van die *Kerkorde* van die NG Kerk, 2015.

15.3 Die appèlliggaam verkry ook, buiten die skriftelike motivering van die appèllant ook die skriftelike kommentaar van die tugliggaam en die klaer/aangeklaagde op die appèlgronde van die appèllant.

1. Voorstel:

1.1. Die Algemene Sinode keur die BELEIDSDOKUMENT: SEKSUELE MISBRUIK/WANGEDRAG goed en versoek die Algemene Taakspan Regte om die beleid op te neem in die Kerkorde.

ⁱ Verkragting slaan op alle vorme van penetrasie, met 'n liggaamsdeel of ander objek, sonder toestemming van die ander, wat insluit penetrasie van persone onder 16, of van persone met beperkte verstandelike vermoë, of van persone onder die invloed van drank of ander dwelms. Dit het ook betrekking op die forsering van persone om sodanige dade met liggame of objekte te pleeg. Hierdie bepalings geld ook binne huwelike en permanente verhoudings.

ⁱⁱ Dit word volgens wet verag van gemeentes om vas te stel dat niemand wat met kinders werk gelys is op die Nasionale Kinderbeskermingsregister nie.